# DIE EENDJIENUUS

Uitgawe 26: 21 Augustus 2026




BELANGRIKE INLIGTING:


Datums Bl. 3

Pietie Coetzee Program Bl. 8

Astro Pannekoekdag Bl. 9

Toetsweek Bl. 9



# Uit die kantoor

- By Oranje Primêr glo ons dat elke dogter minstens een keer in haar laerskoolloopbaan deel van 'n skoolkonsert moet wees, want skoolgaan is soveel meer as net boekekennis.

  Dit is wonderlik om te kan sien hoe elke kind haar talente ontdek en ontwikkel – in die klaskamer, op die sportveld en vanjaar ook op die verhoog.

  Na maande se harde oefening en beplanning is die produksie: " 'n Boek vol Drome", Maandag tot Woensdag, in die ML Spiessaal op die planke gebring.

  'n GROOT dankie aan mnr. Leon Fourie (regisseur en skrywer) en mev. Anita Fourie (organiseerder), asook elke personeellid wat soveel ure spandeer het om ons dogters die wonder van konserthou te laat beleef.

  Danksy julle het ons kinders die geleentheid gehad om hul talente te wys, drome uit te leef en herinneringe te skep wat hulle nog lank sal koester.

  Baie geluk met drie skitterende vertonings!

  Baie dankie aan al ons borge ITEC, OFS Smart Repair, Panarottis, Sizabanthu Piping, Knox, Piek Group of Companies vir hulle borgskappe. Sonder borge is dit nie moontlik om die konsert aan te bied nie.

  Baie dankie en geluk aan die 17 karakters en elke dogter wat opgetree het. Baie dankie aan die personeel vir al jul harde werk met die dekor, kostuums en grimering.

  Baie dankie aan die administratiewe personeel met die verkoop van kaartjies.

  Baie dankie aan mev. Marlé du Plessis en die graad 4-ouerkomitee en personeel wat die Snoepie hanteer het.

  Baie dankie aan elke ouer vir u hulp en ondersteuning.

  Om kinders aan te raak is tog om 'n verskil te maak!

- Volgende week vind die jaarlikse Pietie Coetzee hokkietoernooi op die boonste astro plaas. Baie sterkte aan ons o. 13A-hokkiespan wat hieraan gaan deelneem.

- Volgende Dinsdag vertrek ons o. 13A-tennisspan na Potchefstroom om aan die NWU Eagles Prestige Multi Surface Tennistoernooi, in samewerking met Laerskool Mooirivier deel te neem. Baie sterkte!

- Die tennisspanne het dié week weer mooi tennis gespeel. Baie geluk! Uitslae van ligawedstryde op bladsy 4.

- Die o. 12- en o. 13-hokkiespanne het teen Universitas laerskool hokkie gespeel. Die o. 12 A en B-spanne het teen Fichardtpark laerskool gespeel. Baie geluk aan al die spanne en hul afrigters. Uitslae op bladsy 4. Saterdag neem o. 8- tot o.9 hokkiespanne aan Universitas laerskool se hokkiedag deel. Geniet dit! Volgende Woensdag speel ons hokkieliga teen St Michael's.

- Baie geluk aan die dogters wat ingesluit is in die Vrystaat landloopspan wat op 5 September aan die Suid-Afrikaanse landloopkampioenskap gaan deelneem. Uitslae op bl. 4.

# BELANGRIK

| | |
|---|---|
| 22 Augustus: | Juf. Bianca verjaar<br>Tjokkies-hokkiefees |
| 24 Augustus: | Juf. Almaren verjaar<br>Astro Pannekoekdag<br>VCSV Lofeendjies: Jeugweek<br>Gr. 6 ouervergadering 17:30 in Sportlokaal<br>Tennisliga A: OMS 1 vs Fichardtpark<br>Eunice vs OMS 2<br>Willem Postma vs OMS 3<br>Tennisliga B: OMS 4 vs President Brand<br>English Week: Milkshake week open op Karri |
| 25 Augustus: | Voedselprojek Gr. 5B<br>Juf. Elmarie Pretorius verjaar<br>VCSV Lofeendjies: Jeugweek |
| 26 Augustus: | Lofprysingsaand Gr. 3-7, 17:30 in Gimsaal<br>Tennis: Eerstespan, Potchefstroom<br>Hokkieliga: OMS vs St. Michaels |
| 27 Augustus: | Voedselprojek Gr. 5C<br>Hokkie: Itec Pietie Coetzee Hokkietoernooi<br>Tennis: Eerstespan, Potchefstroom |
| 28 Augustus: | Hokkie: Itec Pietie Coetzee Hokkietoernooi<br>Tennis: Eerstespan, Potchefstroom<br>Musiek: Marimbas tree op by Villa Avianto 17:00-19:00 |
| 29 Augustus: | Nautilus<br>Hokkie: Jim Fouché Hokkiedag<br>Hokkie: Itec 280.Pietie Coetzee Hokkietoernooi<br>Tennis: Eerstespan, Potchefstroom |
| 31 Augustus: | Gr. 7 Entrepreneursdag<br>Tennisliga A: OMS 2 vs OMS 3<br>Willem Postma vs OMS 1<br>Tennisliga B: Zastron vs OMS 4 |
| 1 September: | Voedselprojek Gr. 4A<br>Lentedag: Trek vrolik aan met Crazy Hair and Leg Day (R10 op Karri)<br>Hokkieliga: Tjokkies vs OMS |
| 3 September: | Hokkieliga: OMS vs Fichardtpark |

# HOKKIE

Wedstryde gespeel teen Fichardtpark en Tjokkies:

| Ouderdom | OMS | FHP |
|---|---|---|
| o.12A | 8 | 0 |
| o.12B | 7 | 0 |
| | OMS | Tjokkies |
| o.12A | 3 | 0 |
| o.12B | 7 | 0 |
| o.13A | 8 | 0 |
| o.13B | 7 | 0 |

Speel: 6
Wen: 6
Doele vir: 40 Doele teen: 0

# TENNIS

Op Maandag, 17 Augustus het ons o.13-dogters weer liga gespeel:

OMS 1 speel teen OMS 3 en wen met 43 spelle.
OMS 4 speel teen Laerskool Universitas en wen met 49 spelle.

Die dogters het baie mooi gespeel. Geluk aan elke dogter.

# LANDLOOP

Twee en dertig eendjies het deelgeneem aan die Vrystaat Landloop Kampioenskappe wat by die Universiteit van die Vrystaat plaasgevind het op 15 Augustus 2026. Die volgende leerders het deelgeem en Oranje baie trots gemaak:

Dogters o. 13, 3km:
Ariana de Wett 30ste
Aligra Nell 31ste
Zané Buys 54ste
Dogters o.12, 3km:
Lea Cilliers 8ste
Z'ney Piechaczek 12de
Miné Zietsman 28de
Marlé Verster 41ste
Mioné Meyer 54ste
Dogters o. 11, 3km:
Elmaré Naude 1ste
Dogters o.10, 2km:
Lenike van den Berg 6de
Naomi Malan 12de
Lara Goosen 33ste
Milan Botha 54ste
Ju-Marie Le Roux 58ste
Lua de Jager 66ste
Inke Kruger 72ste
Dogters o. 9, 2km:
Aila Cilliers 3de
Skye Futter 41ste
Miane Roberts 67ste
Denise Harmse 72ste
Dogters o.8, 1km:
Mienke Fouché 2de
Mailey Becker 19de
Debi van Biljon 40ste
Ava Goosen 41ste
Jeanri van Zyl 58ste
Tomé Henning 77ste
Leah Ranft 79ste
Niandri Le Roux 84ste
Elisabet Heymans 86ste
Lika Jordaan 97ste
Numeri Naude 103de

Baie geluk aan die eendjies wat gekies is vir die Vrystaat Landloopspan om aan die Suid-Afrikaanse Landloop-kampioenskap in Pretoria op 5 September deel te neem:

Mienke Fouche Dogters 8 Jaar
Mailey Becker Dogters 8 Jaar
Aïla Cilliers Dogters 9 Jaar
Lenike Van Den Berg Dogters 10 Jaar
Naomi Malan Dogters 10 Jaar
Elmaré Naudé Dogters 11 Jaar
Lea Cilliers Dogters 12 Jaar
Z'ney Piechaczek Dogters 12 Jaar

# SPORT

## Gimnastiek

Op 15 Augustus, het vier dogters aan die Suid-Vrystaat Gimnastiek kompetisie deelgeneem en gekwalifiseer om Suid-Vrystaat te verteenwoordig by die 2026 Vrystaat "Flip Festival", wat op 11–12 September plaasvind. Die dogters het die volgende prestasies behaal:

| | | |
|---|---|---|
| Haley-Aleah Human | Vlak 1, 7–8 jaar: Artisties | Silwermedalje |
| Milan Botha | Vlak 1, 9-10 jaar: Artisties | Goue medalje |
| Joannie van der Merwe | Vlak 2, 11-12 jaar. | Goue medalje |
| Cha-lize Botha | Vlak 2, 9-10 jaar. | Silwer medalje |

## Naaldwerk

Die Sew Awareness se 23ste Suid-Afrikaanse Nasionale Kwiltfees het in Gqeberha plaasgevind. Een eendjie het deelgeneem en die volgende uitslag behaal:

| | | |
|---|---|---|
| Karla van Rooyen | Jeug Kwilt, "memories' | Hoogs aanbeveel |

## Kunswedstryd

Die volgende dogters het deelgeneem aan kunswedstryde:

| | | |
|---|---|---|
| Katrien Robbertse | Klarinet Solo | 85% |
| Liela Robbertse | Viool Solo | 84% |

# Algemeen

# Konsert

Na maande se harde oefening en beplanning is die produksie: " 'n Boek vol Drome", die afgelope week op die planke gebring. Die dogters het hulle uitgeleef op die verhoog en elke oomblik geniet! Baie dankie aan almal wat kaartjies gekoop het of iewers gehelp het om die aand 'n sukses te maak. Sonder almal se insette en bydrae sou Oranje nie so iets kon doen nie. Baie dankie ook aan al die borge wat bygedra het tot die aand se sukses! Oranje is bevoorreg om so wonderlike ondersteuningsbasis te kan hê en waardeer elkeen se betrokkenheid, groot of klein!



















# DANKIE Borge

**Dankie aan ons konsertborge.**
**Oranje waardeer julle ondersteuning!**




ITEC
QUALITY PEOPLE, SMART TECHNOLOGY SOLUTIONS

OFS SMART REPAIR

SIZABANTU
PIPING SYSTEMS
Official distributor of MOLECOR South Africa

PANAROTTIS®
PIZZA & PASTA

KNOX
HYDRATE

RGC
PIEK GROUP

ENGEN

ITEC
QUALITY PEOPLE, SMART TECHNOLOGY SOLUTIONS

# Pietie Coetzee
# HOKKIETOERNOOI
## 27-29 AUGUSTUS 2026



ORANJE
VOORUIT
1907

## PROGRAM
### Vrydag, 28 Aug.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 08:00 | OMS | vs | Vaalpark |
| 08:25 | Helderkruin | vs | Paarl Gim |
| 08:50 | Menlopark | vs | Willem Postma |
| 09:15 | Eunice | vs | Chelsea Prep |
| 09:40 | OMS | vs | Helderkruin |
| 10:05 | Paarl Gim | vs | Menlopark |
| 10:30 | Willem Postma | vs | Chelsea Prep |
| 10:55 | Eunice | vs | Vaalpark |
| 11:20 | OMS | vs | Paarl Gim |
| 11:45 | Helderkruin | vs | Willem Postma |

### Gr.1 Wedstryde

| | |
|---|---|
| 12:10 | |
| Blok 1 | Oranje o.7A vs Eunice o.7A |
| Blok 2 | Oranje o.7B vs Fichardtpark o.7A |
| Blok 3 | Brebner o.7A vs Willem Postma o.7A |
| Blok 4 | Grey College o.7A vs St. Andrews o.7A |

## PROGRAM
### Vrydag, 28 Aug.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 12:30 | Eunice | vs | Menlopark |
| 12:55 | Vaalpark | vs | Paarl Gim |
| 13:20 | Chelsea Prep | vs | OMS |
| 13:45 | Helderkruin | vs | Eunice |
| 14:10 | Vaalpark | vs | Willem Postma |
| 14:35 | OMS | vs | Menlopark |
| 15:00 | Helderkruin | vs | Chelsea Prep |
| 15:25 | Eunice | vs | Paarl Gim |
| 15:50 | Menlopark | vs | Vaalpark |
| 16:15 | OMS | vs | Willem Postma |
| 16:40 | Chelsea Prep | vs | Paarl Gim |
| 17:05 | Vaalpark | vs | Helderkruin |
| 17:30 | Willem Postma | vs | Eunice |
| 17:55 | Chelsea Prep | vs | Menlopark |

## PROGRAM
### Saterdag, 29 Aug.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 07:00 | OMS | vs | Eunice |
| 07:25 | Helderkruin | vs | Menlopark |
| 07:50 | Willem Postma | vs | Paarl Gim |
| 08:15 | Chelsea Prep | vs | Vaalpark |

| | |
|---|---|
| 09:00 | PLEK 5 vs PLEK 8 (wedstryd 1) |
| 09:30 | PLEK 6 VS PLEK 7 (wedstryd 2) |
| 10:00 | Semifinaal 1: PLEK 1 vs PLEK 4 |
| 10:30 | Semifinaal 2: PLEK 2 vs PLEK 3 |
| 11:00 | Verloorders van wedstryd 1 en 2<br>PLEK 7-8 |
| 11:30 | Wenners van wedstryd 1 en 2<br>PLEK 5-6 |
| 12:00 | Verloorders Semifinaal 1 en 2<br>PLEK 3-4 |
| 12:30 | Wenners van Semifinaal 1 en 2<br>PLEK 1-2 (FINAAL) |
| 13:00 | Prysuitdeling op Astro |




# Toetsweek

## September 2026

| Ma | Di | Wo | Do | Vr | Sa | So |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 7<br>**Toetsweek:**<br>Gr. 7 Tegnologie prakties<br>Kontroleer handboeke gr.4-7 | 8<br>**Toetsweek:**<br>Gr. 4 Aard.<br>Gr. 5 NWT<br>Gr. 6 Wisk.<br>Gr. 7 Afr. Lit | 9<br>**Toetsweek:**<br>Gr. 4 Wisk.<br>Gr. 5 Gesk.<br>Gr. 6 NWT<br>Gr. 7 Gesk. | 10<br>**Toetsweek:**<br>Gr. 4 Gesk.<br>Gr. 5 LO-dans<br>Gr. 6 Aard.<br>Gr. 7 Eng. Lit | 11<br>**Toetsweek:**<br>Gr. 4 NWT<br>Gr. 5 Wisk.<br>Gr. 6 LO-dans<br>Gr. 7 NW | 12 | 13 |
| 14<br>**Toetsweek:**<br>Gr. 6 Gesk.<br>Gr. 7 Wisk. | 15<br>**Toetsweek:**<br>Gr. 6 Leiers aansoek<br>Gr. 7 Aard. | 16<br>Jaarbladfoto's:<br>(Staties: 08:00-12:00) | 17 | 18 | 19 | 20 |



# Gedagte vir die week

Dit raak die hele gesin

Ons as ouers het 'n baie diep invloed op ons gesin.
Die patrone wat ons in ons huis vestig
en die gewoontes wat ons vorm,
bepaal waar ons gesin se hart sal wees.
Gee jy jou tyd, talente en skatte om
die Here te dien, of staan jy al
jou tyd en energie af aan die
afgod van werk, familie of plesier?
Neem standpunt in oor aan wie julle getrou
behoort te wees, en herinner jou gesin aan julle
verbintenis om die Here alleen
te dien en te aanbid.

*"Ek en my huisgesin sal die Here aanbid."*
*Josua 24:15*
*Deur Nancy Taylor.*